



Pitte se Tuinhoekie

deur Herman du Plessis

Tuinbeplanning

November 2014

Ek het so in die stilligheid vir Pitte begin pols oor die moets en moenies van tuin beplanning en het amper al begin skryf aan die rubriek, toe ek twee e-posse kry. Die een het gegaan oor die oordoen van 'n bestaande tuin en die ander een was oor probleem area's. Kom ons begin by die begin. Lizelle van Ifafi wou weet waar begin 'n mens as jy huis gekoop het en die tuin lyk soos 'n oerwoud. Ek vra toe vir Pitte so bietjie uit oor die besigheid, en ek was nogal heel verbaas oor sy raad.

"Pitte," vra ek hom, "as ek nou my tuin wil oordoen of *renovate* soos die Engelse sê, waar begin ek?" Hy kyk my vas in die oë. "Jy het nie veel van 'n tuin nie, so wat wil jy *renovate*?" "Ag, ek vra sommer, jy weet", sê ek half verleë. "Net vir die interresantheid. Kom ons sê ek het 'n nuwe huis gekoop en die tuin lyk woest. Waar begin ek?" "Man," begin hy en hy krap sy ken. Hy krap altyd aan sy ken as hy diep dink. "Man, vir eers sal ek niks doen nie, behalwe as die bosse tot in die voordeur groei en die slange saam met jou op die bed slaap. Dan sal ek bietjie drasties raak. Maar andersins sal ek die wêreld met 'n bossiekapper tem en baie basiese snoeiwerk doen. Ek sal nie sommer inklim en alles uitroei net om weer duisende Rande te spandeer op ander plante nie. Soms is daar die mooiste goed in so 'n tuin wat mens nie meer in ons tuinsentra raakloop nie. Kry alles net eers mak. Gee water en bemes so liggies. En gee die tuin 'n volle jaar kans om te wys wat daar is." " 'n Jaar?!

Hoekom so lank?!" "In daardie jaar sal jy elke seisoen beleef en elke seisoen sal vir jou iets nuuts wys. Moet nooit haastig word met 'n tuin nie. Jy sal sien watter boom of struik blom wanneer, jy sal sien watter plante kry seer in die Winter en watter kan die koue hanteer. En in die jaar sal die tuin met jou begin praat. Maak elke dag aantekeninge. Gaan na al die tuinsentra in jou omgewing en kyk wat beskikbaar is. Kyk wat blom wanneer, en let veral op na blaarkleur. Moenie fokus op blomme nie. Gaan vir loof. Baie plante is groen in die Somer en word rooi of brons of geel in die Winter. Soos en sê, gaan vir blaarkleur. As dit boonop blom, wel, dan is dit 'n bonus."

Skielik dink ek aan Robert se e-pos. Hy bly in Bryanston en sit met 'n kol in sy tuin waar niks regtig wil aard nie. Hy sê hy het al alles probeer. Ek vra vir Pitte. "So, die tuin sal sy probleem areas vir jou wys en dan werk mens maar so rondom dit?" Pitte skuif hom reg in sy stoel. "Mannie, laat ek nou vir jou 'n groot geheim vertel. Daar is nie iets soos 'n probleem area in die tuin nie, net soos daar ook nie probleem kinders is nie." "Nê," sê ek, "nie probleemkinders nie? En wat van....." Pitte maak my stil. "Mannie, 'n probleemkind is net 'n kind wat nie gemiddeld is nie. Hy is eintlik baie uniek in baie opsigte. Hy is dalk meer musikaal of artisties aangelê en sy pa wil van hom 'n Springbok vleuel maak. Of Mammie wil hê haar Sannie moet in die konsertsale van die wêreld staande ovasies kry vir uitmuntende klavierspel, of viool of wat ook al, maar

Sannie is doodgelukkig as sy haar motorfiets se enjin uitmekaar kan haal en weer aanmekaarsit en die ding loop wanneer sy daarmee klaar is. Druk 'n kind in 'n rigting in waar hy of sy nie wil wees nie, en jy sit met probleme. Dieselfde met 'n tuin. Daardie kol wat jy dink 'n probleem area is, is net 'n kol wat nie tevrede is daarmee om vol Agapanthus of Diëtes of Clivias geplant te word nie. As jy iets geplant het wat nie daar wil groei nie en jy het dalk 'n tweede poging aangewend en steeds wil dit nie werk nie, los daardie kol doodstil uit. Een oggend is een oggend. Dan loop jy met jou beker koffie en 'n beskuit daar verby en jy hoor iewers 'n stem. Moenie dink dis die Doodsengel wat jou siel kom opeis nie. Dis net daardie kol wat jou roep en persoonlik vir jou vertel wat hy gedoen wil hê. Luister as daardie kol met jou praat, want hy sal vir jou sê hy wil dalk 'n fokuspunt wees, dalk 'n fontein of dalk wil hy hê jy moet 'n groep van so vyf of sewe Luiperdbome daar plant, want hy wil eintlik altyd nog 'n woud gewees het met Takbokvarings teen die stamme en lugplante wat druipe en Brummeliads op die vloer en nie oorgroei wees met ander goed nie."

"Raait," sê ek vir hom, "kom ons gesels weer oor die eerste onderwerp. Wat maak ek nou na 'n jaar na ek alles gesien blom het?" "Dan vat jy jou notas," sê Pitte, "en jy besluit dan waarvan jy hou en waarvan jy nie hou nie. En wat moet uitgehaal en weggeroep word en wat kan gelos word. Nadat jy die goed afgesaag of uitgehaal het wat oortollig was gee jy aandag aan die uitlê van die beddings en die installasie van 'n besproeiingstelsel. Eers dan bemes jy die beddings en skuif die plante wat jy wil skuif. As jy nuwe plante wil aankoop, onthou om by die struik en bome te begin. Die dak van die tuin (bome) is altyd eerste en daarna die *understory*. Moenie sukkel met fyn goetertjies nie. Dis net geldmors. En jy gaan net moedeloos raak as jy vyf duisend Rand se plante gekoop en geplant het en op die uiteinde lyk dit nie of jy 'n duik in die tuin gemaak het nie. Die vullerplante, paadjies, potte en ander fokus areas kom heel laaste. Terwyl die bome en struik begin lyf kry, kan jy begin dink aan die

grasperk. Onthou dat Kikuyu vol son nodig het en LM gras wil weer tenminste so vier ure se lekker son hê om te groei. Mense dink LM gras is 'n skadugras en dan is hulle teleurgesteld as dit nie in vol skaduwee groei nie. LM gras soek ook sy kwota son deur die dag. Aan die suidekant van die huis is dit gewoonlik 'n probleem omdat dit die skadukant van die huis is. Veral in die Winter. Dink daaraan om gras te saai as jy gras op daardie plekke wil hê. Sien jy daardie kol daar langs die Witstinkhout? Niks wou daar groei nie, en toe saai ek 'n mengsel van Shade Over, Canada Green en Evergreen grassaad. Kyk hoe mooi is dit. Dis is nou wel nie 'n rankgras soos die ander nie, maar ek het die saad bietjie digter gesaai as wat hulle op die boksie sê vir 'n digter stand en siedaar! 'n Lowergroen kol gras waar LM en Kikuyu niks wou weet nie! Onthou; die beste tyd vir tuinmaak is van vroeg Herfs tot so middel Winter. Dan is die plante in hulle siklus en het hulle die minimum stres as dit oorgeplant word."

"Kry nog koffie en koekies," sê Pitte toe ek opstaan. "Nee jong, wag. Ilse sal later begin wonder waar ek rondloop. Sy weet nie ek is by jou nie. Ons praat weer. Mooi loop en dankie vir al die raad."

"Tjorts," groet Pitte op sy kenmerkende manier. "Sien jou weer."

(Lesers met vrae kan my skakel by 082 635 7088 of e-pos by herman@celtislandscaping.co.za)